**I.M.S.**

Vol. I, No. 45

MUNISIPALITEIT

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
15 NOV 1963
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

STELLENBOSCH

20th September, 1963.

## THE NEW COUNCIL

The new Council had its first general committee meeting on the 10th September, 1963, and had to face serious problems which the various departments presented for discussion and decision. All these matters evoked great interest from the new Councillors. Inspections in loco were carried out and I am glad to say they were very well attended.

Already the municipal departments have settled down to the always difficult task of compiling the estimates for next year which are to be considered in November. The Council also aims at calling the ratepayers together as soon as possible in connection with important loan proposals, amongst others the developments at Du Toitville which have been previously explained and also the Union Park Township scheme.

## NATIONAL MONUMENTS

Readers of the **Eikestadnuus** may have noticed that on the 6th September, 1963, the Rhenish Mission Church on the Braak was declared a National Monument, soon after Prof. Thom's clock was declared an antique. There are thus 11 national monuments within the municipal area of Stellenbosch, namely the Old Pulpit in the Rhenish Church, the Burgerhuis, the Gateway to the old cemetery next to Nassau-huis, La Gratitude, the oak trees in Dorp Street and the Avenue, the Kruithuis, Grosvenor House, the Braak, the Archaelogical Reserve, the Rhenish Church and Prof. Thom's clock. With these to its credit, Stellenbosch ranks very high on the list of towns that can boast of having such items of historical and very often aesthetic value within their boundaries. Besides these, there are 5 in the district, according to Prof. Kotzé, our local member of the Monuments Commis-

sion, namely the camphor trees at Vergelegen (Somerset West), the dovecote at Meerlust, the Gantou Pass in the Hottentots Holland mountains, the dovecote at Onverwacht (Somerset West) and the bridge over the Lourens River.

The Council acknowledges with gratitude the presentation to it by the National Monuments Commission of a bronze plaque for the Kruithuis which furnishes the most important facts about the old structure, namely that the Kruithuis or Powder Magazine itself and the surrounding wall were built in 1776 to 1777 as a place for storing arms and ammunition. The Contractors were Philip Hartog and Lambert Fick and the mason was Michael Rambusch.

## INTER TOWN ROAD SAFETY COMPETITION

It always seems to me very worthwhile keeping interest alive in road safety matters. The last reference to this was made in the Mayoral Review which appeared in the **Eikestadnuus** on the 5th April, 1963, when comparisons were drawn between the accident statistics for the first three months of the years 1962 and 1963, which showed that in 1962 there had been 69 accidents with 23 injuries, two of which proved fatal. In 1963 there had been 78 accidents, with 22 injuries, one of which was fatal. The statistics have been brought up to date again and I intend to publish them quite soon. I am informed that the results of steps which where taken and which were explained previously, have again proved that traffic accidents can to a great measure be prevented and that they should not be regarded as if they were acts of God. Success has been achieved with the arrangements made at the corner of Bird Street and Dorp Street and at the circle at the Post Office. A great improvement has also been achieved at the bend in Jonkershoek Road near the Du Plessis Street junction. This used to be a place where no accident occurred without severe injury to persons and damage to cars and property. The Traffic Department appreciates a great deal of co-operation extended to it by the public and I trust that in due course I shall be able to report a decreasing accident rate in our town.

I extend a fatherly note of warning by pointing out that the instrument known as the Gatsometer which checks speeding is in operation. During the short time it has been in use, approximately 60 cases where the speed limit had been exceeded, have been brought to book. Approximately 50% of the cases concerned people domiciled at Stellenbosch.

26 September 1963.

**GROSVENORHUIS MUNISIPALE MUSEUM**

Op Woensdag, 18 September 1963 het die jaarvergadering van lede van die museum in die Raadsaal plaasgevind en het ek die voorreg gehad om by dié geleentheid as voorsitter op te tree. Lesers sal onthou dat nadat die Phillimore Ives versameling van skilderye terug geneem is Engeland toe, daar besluit is om Grosvenorhuis as museum in te rig ooreenkomstig die bepalings van Ordonnansie nr. 6 van 1914.

Op hierdie wyse het die huidige museum verlede jaar sy ontstaan gehad en is die betrokke eiendom aan 'n Raad van Trustees oorgedra, wat tans volle beheer oor die inrigting het. Hoewel die Museum intussen gesluit was en daar oënskynlik niks gebeur het nie was die Raad van Trustees baie besig om die toekoms van die onderneming te bespreek en die nodige stappe in verband daarmee te doen. Dit het gou duidelik geword dat die onmiddellike taak was om die geboue sodanig te verander dat dit aan die vereistes van die beoogde Museum sou voldoen. Uiteindelik is op 'n grootskaalse restourasieplan besluit teen 'n koste van sowat R30,000 en sal daar hopelik in die nabye toekoms begin word om uitvoering hieraan te gee.

As u intussen altemit al vergeet het van die bestaan van die Grosvernorhuis Museum, wil ek u daaraan herinner dat daar die afgelope maande hard gewerk is om die omskepping te beplan in die hoop dat elke Stellenbosser opreg trots sal wees op die verwesenliking van hierdie langgekoesterde ideaal. Ons dorp en distrik is ryk aan erfstukke uit 'n lang verlede en die doel van die museum sal veral wees om Stellenboschiana te versamel, d.w.s. dinge van geskiedkundige en estetiese waarde wat van belang is vir en verband hou met ons dorp oor die jare. Heelwat interessante goed is reeds aan die inrigting geskenk en ons is dankbaar om te kan meld dat skenkings nog voortdurend ontvang word.

Hoe word die onderneming gefinansier? Ek wil met waardering melding maak van die ruim geldelike steun wat ons van die Provinsiale Administrasie ontvang en origens maak die Stadsraad ook 'n jaarlikse bydrae.

Die publiek van Stellenbosch het egter ook 'n groot verantwoordelikheid teenoor hierdie museum. Eerstens, om lid te word en sodoende die onderneming moreel en finansieel te steun; en tweedens, om behulpsaam te wees met die versameling van dié dinge wat die moeite werd is om te bewaar en dus 'n tuiste in Grosvenorhuis behoort te vind. Sonder die geesdriftige ondersteuning van die Stellenbosse publiek kan ons nie hoop om ooit 'n munisipale museum daar te stel wat die dorp waardig sal wees nie.

**DIE NADERENDE SOMERSEISOEN**

Hoewel die weer by die ter perse gaan alles behalwe aan droogte, hitte en brande herinner, wil ek tog graag 'n beroep op die publiek doen om veral wat onbeboude erwe betref, vroegtydig te sorg dat sulke erwe nie verwaarloos en plantegroei onbeheerd daarop toegelaat word nie. Ons weet uit die ondervinding van ander dorpe dat groot brande dikwels op sulke persele begin het. Die Munisipaliteit verleen graag hulp in verband met die skoonmaakwerk en die tariewe waarteen dit gedoen word kan van die Hoof-bosboubeampte verkry word.

**LEIWATER**

Die Stadsraad het besluit om die leiwater volgens die erkende rooster vanaf 1 Oktober beskikbaar te stel.

**DIE HOOGTE VAN GEBOUE IN STELLENBOSCH**

In die Stadsbeplanningskema van ons dorp is die maksimumhoogte van geboue jare gelede reeds op 5 verdiepings gestel. Tans het die Raad in sy besit planne vir 'n gebou van 10 verdiepings op 'n perseel in die hartjie van die sakegebied. Heelwat samesprekings het in verband hiermee reeds plaasgevind en die Provinsiale Administrasie is ook om sy standpunt gevra. Graag wil ek die publiek verseker dat alvorens 'n finale besluit deur die Stadsraad oor hierdie of 'n dergelike aansoek geneem word, die belastingbetalers eers geraadpleeg sal word.

**STRAATNAME**

Die Stadsraad moet in die nabye toekoms name aan die sewe strate in die nuwe onderverdeling Uniepark gee. Wil u ons nie help om gepaste name daarvoor te verkry nie?

---

4th October 1963.

**THE RHENISH CHURCH, THE MILL AND THE MILLSTREAM**

The Rhenish Church on the Braak which is so dear to all the people of Stellenbosch has been declared a National Monument on the 6th September, 1963. This proclamation guarantees it the highest degree of protection from demolition that any building can enjoy as it may not be altered in any way without the aproval of the National Monuments Commission. The old Mill, on the other hand, has gone for good to make room for a modern business undertaking. The congregation of the Rhenish Church is planning a function for a date in the latter half of October and the Council has agreed to a request to demolish the old wall along the Millstream

near the church in time for the function. The demolition of the wall will, however, still leave the Millstream itself considerably higher than the surrounding part of the Braak until such time as a decision has been reached as to the ultimate levelling of the Mill site and the south-eastern part of the Braak, which it is hoped will give the eastern elevation of the Church a very much more prominent appearance.

This brings to mind the mill wheel which can still be seen on the site where it did loyal service for a great number of years. The Council will in the near future have to decide upon the fate of this structure as building operations will probably start there early next year. Already the Museums Committee has discussed the matter and certain suggestions will be put to Council next week.

While there seems to be general agreement that this historic feature should be preserved in some or other form on another suitable site, preferably near to the old one, Council will have to make up its mind whether to utilise the present wheel or to procure a smaller and less cumbersome one. The old wheel is in a rather dilapidated condition and reparing it will entail considerable expense.

## THE KITWE TOWN CRIER

I acknowledge with sincere appreciation the receipt of this little publication which is presented monthly by the Kitwe Municipal Council. The main items are Civic news, Church services and the social events on the Northern Rhodesian Copperbelt.

On the front page the paper features every month a thumbnail sketch of a Kitwe town councillor. This has set me wondering whether the readers of "Eikestadnuus" would like similar short summaries of personal information in regard to the councillors whom the Stellenbosch ratepayers have elected.

## EUROPEAN HOUSING

Parallel to the preparations for housing for our Coloured community on a large scale, the Council is preparing a scheme for sub-division of what is known as farm No. 175 just beyond the railway line opposite the property of Messrs. Rembrandt, in order to provide building sites for European housing. A tentative proposal has already been drawn up and will soon be submitted to the Council.

## THE FLY MENACE

Our Health Department is perturbed at the fact that there are too many flies in evidence in our town. It is true that

in the modern times in which we live it is fully realized that flies are a menace to public health. Not only are they repulsive because of their unhygienic habits but they are also carriers of diseases, amongst them dangerous ones such as typhoid and also various stomach-ailments such as gastric enteritis which still claim many victims, especially among young children.

The people of Stellenbosch are fond of their gardens and proud of them. They thrive as a result of the application of manure, but evidently all do not make sure that this is free of maggots. Even if the manure is dug in, this does not necessarily solve the problem as flies are able to burrow their way out of soil from a depth of as much as 18 inches.

Another extensive source of fly-breeding is the dirt which is often allowed to collect at the bottom of rubbish-bins.

Many owners of gardens appreciate the value of compost and many have started their own compost heaps but often without making sure that no fly-breeding takes place in them. There is sometimes a tendency to worry about what the neighbours do instead of making sure that no flies are bred on our own properties. Obviously, if each owner looks after his own place there should be very few flies about.

Then there are those who like to keep fowls and they must be reminded of the fact that it serves no purpose to keep the fowl house clean whilst the manure is dumped in such a manner as to give rise to extensive fly-breeding. One square inch of wet fowl manure can harbour a large number of maggots. It has been established that theoretically, if circumstances are favourable, one pair of flies could produce in one summer season the fantastic number of 191,010,000,000,000,000,000 flies.

Those who want to have their own compost heaps, even if it is only for garden refuse, should realize that the liberal use of effective insecticides is an absolute necessity.

The Municipality can, through its officials, do its best to combat flies in places where excessive breeding takes place, but cannot cope with fly-breeding on private properties throughout the town.

W. C. DEMPSEY.

---

18 Oktober 1963.

**VERBETERINGS IN DIE STADHUIS**

Die Stadsraad is tans besig om aandag aan 'n aantal verbeterings in die Stadhuis te gee wat seker algemeen verwelkom sal word. Die kombuistoerusting is vandag in baie opsigte

verouderd en ontoereikend soos talle dames wat al daarin moes werk sal kan getuig. Raadslid Blommaert, voorsitter van die Stadhuiskomitee, het reeds die advies van 'n aantal dames verkry en daar word gehoop om geld vir die verbeterings op die begroting vir 1964 te bewillig.

Die akoestiek van sowel die Stadsaal as Banketsaal laat veel te wense oor maar ook wat dit betref is daar goeie nuus. 'n Akoestiekdeskundige het reeds 'n plan vir die Banketsaal opgestel wat nog hierdie jaar uitgevoer sal word, terwyl sekere voorstelle in verband met die Stadsaal nog oorweeg word.

## HUIS-TOT-HUIS-KOLLEKTES

Die publiek word dringend aangeraai om toe te sien dat kollektelyste waarmee by hulle huise en kantore vir bydraes aangeklop word, die stempel van die Munisipaliteit dra en om die Stadsklerk dadelik in kennis te stel in gevalle waar lyste daarsonder rondgeneem word. Indien die publiek op hierdie wyse met die Raad sal saamwerk bestaan daar hoop dat die kollekteerdery onder behoorlike beheer gebring sal kan word. Tans is die posisie onbevredigend en veroorsaak dit baie ontevredenheid en ergernis.

## BESTUURSKOMITEE VIR DIE KLEURLINGGEMEENSKAP

Die Regering het reeds by verskillende geleenthede te kenne gegee dat hy begerig is om 'n mate van plaaslike selfbestuur aan die Kleurlinge toe te ken. Met die vorige sitting van die Kaapse Provinsiale Raad is 'n Ordonnansie dan ook aangeneem wat die nodige masjinerie hiervoor daargestel het.

So pas het die Administrateur, na oorlegpleging met die Minister van Gemeenskapsbou, aan die Raad voorgestel dat 'n Bestuurskomitee vir Idasvallei gestig word. 'n Spesiale Komitee bestaande uit die Burgemeester, die Onderburgemeester dr. J. C. de Wet, en raadslede Eksteen, Osler, Swart en Uys is benoem om die hele aangeleentheid te ondersoek en aanbevelings aan die Raad te maak.

## SPORTGERIEWE

Heelwat samesprekings het die afgelope tyd plaasgevind om verbeterings in die sportgeriewe vir blankes sowel as kleurlinge aan te bring. Wat die blankes betref is dit veral die twee pluimbalklubs en die tennisklub wat by die saak betrokke is — eersgenoemde stel belang in 'n nuwe saal terwyl laasgenoemde behoefte aan nuwe kleedkamergeriewe

het. Die Raad hoop om hierin op dieselfde perseel wat aan die tennisklub grens, te voorsien. Die finansiering geskied volgens 'n formule wat reeds geruime tyd op sportklubs toegepas word.

In die geval van die Kleurlinge hoop die Raad om sover moontlik alle sportgeriewe op die Peerboordterrein te sentraliseer. Tans geniet die beplanning van die hele skema die aandag van die Stadsraad sowel as die Raad van Beheer oor Sportaangeleenhede in Idasvallei.

**BOUBEDRYWIGHEDE IN STELLENBOSCH**

Uit syfers wat so pas beskikbaar gekom het blyk dit andermaal weer watter hoë tempo van boubedrywighede hier op Stellenbosch oor die afgelope aantal jare gehandhaaf word.

Die waarde van bouplanne goedgekeur in Kaapland is slegs in die geval van Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Kimberley groter as dié van Stellenbosch. Vir 1962/63 was die bedrag in die geval van ons dorp meer as R2 miljoen, terwyl die syfers vir Worcester, Paarl en andere heelwat laer was.

**STRAATNAME**

Graag bedank ek die persone wat reeds op my uitnodiging gereageer het om name vir die strate in Uniepark voor te stel. Verdere wenke sal verwelkom word.

W. C. DEMPSEY.

PRO EC. 10/63-7481